

## Selah

Theo Potgieter

9 Oktober 2011

## Stilte

**Ex 14:14**

Die HERE sal vir julle stry, en julle moet **stil** wees.

**Ps 37: 7**

**Swyg** voor die HERE en **verwag** Hom; wees nie toornig op hom wat voorspoedig in sy weg is nie, op die man wat listige planne uitvoer nie.

## Ps 37

3 **Vertrou** op die HERE, en doen wat goed is; bewoon die aarde en beoefen getrouheid,

4 en **verlustig** jou in die HERE; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart.

5 Laat **jou weg aan die HERE oor** en vertrou op Hom, en Hy sal dit uitvoer;

7 **Swyg** voor die HERE en **verwag** Hom; wees nie toornig op hom wat voorspoedig in sy weg is nie, op die man wat listige planne uitvoer nie.

## Ps 37

8 Laat staan die toorn en **verlaat die grimmigheid**; wees nie toornig nie: dit is net om kwaad te stig.

27 Wyk af van wat kwaad is, en **doen wat goed** is, en jy sal vir ewig woon;

## Ps 37 – Aarde Besit

9 Want die kwaaddoeners sal uitgeroei word; maar die wat die **HERE verwag**, hulle sal die aarde besit.

11 Die **ootmoediges** daarenteen sal die aarde besit en hulle verlustig oor groot vrede.

22 want die **wat deur Hom geseën word**, sal die aarde besit; maar die wat deur Hom vervloek word, sal uitgeroei word.

## Ps 37 – Aarde Besit

29 Die **regverdiges** sal die aarde besit en vir ewig daarop woon.

34 **Wag op die HERE** en hou sy weg, en Hy sal jou verhoog, om die aarde te besit; jy sal met welgevalle neersien op die uitroeiing van die goddelose mense.

### Ps 34 - Loof

- 1 Ek wil die HERE altyd loof; sy lof sal altyddeur in my mond wees.
- 2 My siel sal hom beroem in die HERE; die ootmoediges sal dit hoor en bly wees.
- 3 Maak die HERE saam met my groot, en laat ons saam sy Naam verhef!
- 4 Ek het die HERE gesoek, en Hy het my geantwoord en my uit al my vrees gered.

### Ps 34

- 5 Hulle het Hom aangesien en gestraal van vreugde, en hulle aangesig hoef nie rooi van skaamte te word nie.
- 6 Hierdie ellendige het geroep, en die HERE het gehoor, en Hy het hom uit al sy benoudhede verlos.
- 7 Die Engel van die HERE trek 'n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit.
- 18 Die HERE is naby die wat gebroke is van hart, en Hy verlos die wat verslae is van gees.

### Ps 46

- 1 God is vir ons 'n toevlug en sterkte; as hulp in benoudhede is Hy in hoë mate beproef.
- 2 Daarom sal ons nie vrees nie, al waggel die aarde en al wankel die berge weg in die hart van die see.
- 3 Laat sy waters bruis, laat hulle skuim; laat die berge bewe deur sy onstuimigheid! Sela.
- 4 Die stroompies van 'n rivier maak die Godstad bly, die heiligste van die woninge van die Allerhoogste.

### Ps 46

- 9 wat die oorloë laat ophou tot by die einde van die aarde, die boog verbreek en die spies stukkend slaan, die strydwaens met vuur verbrand.
- 10 Laat staan en weet dat Ek God is; Ek sal hoog wees onder die nasies, hoog op die aarde.

### John 3: 14-16

- 14 En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word,
- 15 sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.
- 16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.